

Gereformeerde Kerk Bellville – 27 Maart 2016 – Aand

Sing vooraf staande: Skrifberyming 17-2:5, 6, 7, 8 (18: 5, 6, 7, 8)

- 5 Kom dan tot My, o almal wat / vermoeid is en so swaar belas,
Ek gee 'n rusplek vir die voet / waarvoor daar nêrens rusplek was;
- 6 verligting vir die skouer wat, / deur druk gemartel en gepla,
en onder lewensorge krom, / 'n altyd swaarder las moet dra.
- 7 Maar leer: dat Ek sagmoedig is, / en dat Ek needrig is van hart.
Dan sal jul rus vind vir jul siel / en vrede by die wreedste smart.
- 8 En dra my juk: die juk is sag, / wat nooit gedruk het of geknel;
en dra my las: die las is lig, / wat nooit gekneus het of gekwel.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 146:1, 8 (p. 700)

- 1 Prys die HEER met blye galme, / o my siel, daar 's ryke stof!
'k Sal, solank ek leef, my psalme / vrolik toewy aan sy lof
en Hom, wat sy guns my bied, / altyd groot maak in my lied.
- 8 Dis die God der leërmagte, / troue Bondsgod van weleer,
God van wordende geslagte, / tot in ewigheid die Heer.
Sion, sing die God ter eer, / prys sy grootheid, loof die Heer!

Gebed

Psalm 146:2, 3 (p. 700)

- 2 Moet op prinse nie vertrou nie, / by wie niemand heil kan vind –
op die mens jou hoop nie bou nie; / want as God hul gees ontbind,
keer hul na die aarde weer / en hul raadslag stort terneer.
- 3 Salig hy wat in die lewe, / sonder hulp en sonder raad,
as hom alles wil begewe, / vlug tot God, sy toeverlaat;
en ook in die swartste nag / op die HERE^oalleen bly wag.

Skriflesing: Matteus 19:16-30; Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 3 en 4, Artikel 10

Kernvers: Matteus 19:25-26

Toe sy dissipels dit hoor, was hulle baie verslae en sê: Wie kan dan gered word?

Maar Jesus het hulle aangekyk en vir hulle gesê: By mense is dit onmoontlik, maar by God is alle dinge moontlik.

(Matteus 19:25-26 AFR53)

Dordtse Leerreëls

Hoofstuk 3 en 4, Artikel 10

Ander mense, weer, wat deur die bediening van die evangelie geroep is, kom en word bekeer. Dit moet egter nie aan die mens toegeskryf word nie asof hy hom deur sy vrye wil van ander onderskei wat eweveel of genoegsame genade tot geloof en bekering ontvang het. So stel die hooghartige kettery van Pelagius dit. Dit moet aan God toegeskryf word. Hy het hulle van ewigheid af in Christus as sy eiendom uitverkies. Hy roep hulle almal

kragdadig in die tyd en skenk hulle geloof en bekering. Nadat hulle uit die mag van die duisternis verlos is, bring Hy hulle oor in die ryk van sy Seun, om die deugde van Hom, wat hulle uit die duisternis tot hierdie wonderbare lig geroep het, te verkondig en om nie in hulleself nie, maar in die Here te roem. So getuig die apostoliese geskrifte telkens.

'n Verduideliking by artikel 10

Alhoewel dit gebeur dat daar een groep mense is wat hoor hoe die Here hulle in alle erns met die evangelie tot bekering en geloof roep, is daar 'n deel in die groep wat hulle nie sal steur aan die roepstem van God nie. Party sal graag luister en oënskynlik tot bekering kom. Maar wanneer daar vervolging kom val hulle uit die geloofswedloop uit. Nog ander hou vir 'n tyd lank oënskynlik in die geloof aan, maar die sorg van die lewe en die plesiere in die wêreld kry meer as een keer die oorhand in hulle lewens. Nie een van hierdie drie onderskeie dele van die een groep mense wat die evangelie gehoor het, dra vrugte van die geloof nie. Dit bely ons in artikel 9 aan die hand van die gelykenis van die saaiër. Die skuld vir die onwilligheid om tot ware bekering en geloof te kom, lê by die mense self.

In dieselfde groep mense is daar ook mense wat deur dieselfde evangeliebediening geroep is en hulle kom na die Here toe en word bekeer. Nou ontstaan die vraag by 'n mens: Kan mense die feit dat hulle na die Here toe kom en hulle bekering aan hulleself toeskryf net soos wat die ongehoorsaamheid van die ander mense aan hulleself toegeskryf moet word? Ons antwoord hierop is: Nee, dit moet nie aan die mens toegeskryf word nie. Hierdie deel van die groep mense het hulleself nie van die ander onderskei met hulle vrye wil nie. Dit beteken dat hulle nie op hulle eie self besluit het om na die Here te kom om bekeer te word nie.

Dat hierdie mense na God toe gekom het en bekeer is, moet aan God toegeskryf word. In die volgende sinne bely ons wat God alles aan en vir hierdie mense gedoen het:

- Hy het hulle van ewigheid af in Christus as sy eiendom uitverkies.
- Hy roep hulle almal kragdadig in die tyd en skenk hulle geloof en bekering.
- Hy bring hulle oor in die ryk van sy Seun nadat Hy hulle uit die mag van die duisternis verlos het.

Waarom roep God mense, skenk Hy aan hulle geloof en bekering? Kortom, waarom verlos Hy mense uit die mag van die duisternis en bring hulle oor in die ryk van sy Seun? Hy doen dit sodat hulle die deugde van Hom wat hulle uit die duisternis tot hierdie wonderbare lig geroep het kan verkondig. Sodoende roem hulle in die Here en nie in hulleself nie. Dit is immers wat in die Nuwe Testament aan ons geleer word.

Tema: Hoekom mense tot bekering en geloof kan kom

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, voordat ons kan kom by die troosryke werk wat God die Heilige Gees in mense verrig wanneer Hy hulle tot bekering en geloof bring – dit is artikel 11 en verder – moet ons maar eers by artikel 10 stilstaan. Uit gesprekke met lidmate na aanleiding van die reeks preke by die Dordtse Leerreëls kom 'n mens agter hoe moeilik die leer van die uitverkiesing werklik is. Net sodra 'n mens dink dat jy nou 'n vaste begrip van sake het, kom daar 'n volgende vraag by 'n mens op en dan voel dit of alles wat jy tot nou toe verstaan het van voor af heeltemal deurmekaar is.

In die verduideliking hierbo is daar na aanleiding van artikel 9 gevra: Kan 'n mens die feit dat mense na die Here toe kom en hulle bekering aan hulleself toeskryf net soos wat die ongehoorsaamheid van die ongelowige mense aan hulleself toegeskryf moet word? Ons

verstaan tot dusver is dat die mense wat nie na die Here toe kom nie wanneer Hy in alle erns sy wil aan hulle bekend maak, dit hulle eie onwilligheid is om na die Here te luister. Dit is immers die afleiding wat ons vanuit die gelykenis van die bruilof in Matteus 22 kan maak – die uitgenooide wou nie na die bruilof kom nie. Hierdie onwilligheid van die mense om op die roepstem van die Here te reageer, lyk vir my, is soos wat ons dit van die mens se kant af kan sien.

Daar is egter meer aan hierdie saak as net wat ons nou gesê het. Ons moet egter onthou wat ons heel aan die begin van hierdie hoofstuk in artikel 1 bely het. Toe God die mens geskep het, het Hy die mens verstandelik toegerus met ware en heilsame kennis van sy Skepper en van geestelike sake. In sy wil en hart was hy met geregtigheid toegerus en sy hele gesindheid was suiwer. Die mens was dus volkome heilig.

Na die skepping het die mens God inderdaad reg geken en Hom van harte liefgehad en gedien. Die mens se wil het toe in alles met die wil van God ooreengestem. Daar was volkome harmonie in die verhouding tussen God en die mens.

Tydens die sondeval het die mens homself van al hierdie uitnemende gawes beroof deur moedswillig teen die bevel van die Here in na die duiwel te luister en van die verbode vrugte te eet. Hierdie opstand teen God het veroorsaak dat die mens geestelik gesterf het. Daar is nie meer harmonie tussen God en die mense nie. In die plek van die uitnemende gawes wat die mense gehad het, het hulle nou, onder andere, die volgende oor hulleself gebring: blindheid, verskriklike duisternis, ydelheid en verdorwenheid van verstandelike oordeel, boosheid, rebellie en hardheid van wil en hart sowel as onsuiverheid van hulle hele gesindheid.

Dit beteken nou dat die mens nie net van nature onwillig is om na God te luister wanneer Hy met die evangelie roep nie. Dit beteken dat die mens van nature so verdorwe is dat hy nie na die Here kan kom wanneer die Here hom roep nie. Liggaamlik lewe die mens nog en het hy nog 'n verstand, wil en hart. Die mens het nie in 'n dier ontaard na die sondeval nie. Maar omdat die mens geestelik dood is deurdat sy verhouding met God deur hom afgesny is, wil hy nie na die Here luister nie en kan hy ook nie.

Die mens kan op geen manier homself weer geestelik lewendig maak nie. By daardie skakelaar wat die mens geestelik lewendig maak kan net God uitkom. Dit wil egter nie sê dat die mens nie sal probeer, of eerder dink hy kan probeer, om sy geestelike lewenskakelaar aan te sit nie. Dus, indien God die Heilige Gees nie met die evangelie van Christus die geestelike lewenskakelaar van 'n mens aanskakel nie, kan daar een van drie dinge met so 'n mens gebeur.

Hy kan doodeenvoudig besluit dat die evangelie van Jesus Christus nou nie sy ding is nie en bloot wegstap. Daar gebeur dus net mooi niks met daardie mens nie. Van sy kant af kon hy net sowel niks gehoor het nie. Van die Here se kant af gesien, staan die mens nie onskuldig nie. Hy het die roepstem van die Here in die evangelie gehoor en hy het mooi verstaan, in die sin dat hy die evangelie nie in 'n vreemde taal gehoor het nie.

Die tweede ding wat met so 'n mens kan gebeur, is dat hy met groot blydskap die evangelie aanneem. Hy hoor immers die goeie nuus dat God die wêreld so liefhet dat Hy sy eniggebore Seun gegee het. En watter mens is daar wat nie graag wil hoor dat iemand hom liefhet nie? Almal hou daarvan om dit te hoor. En as jy hoor dat die almagtige God jou liefhet, is jy uit jou vel uit bly. God is dan so lief vir jou. En die afleiding wat so 'n mens maak, is dat alles sommer glad en voor die wind gaan verloop, want God het hom dan lief.

Maar dan gebeur daar iets wat nie vir hom vertel is nie. Hy kry teëspoed. En die eerste gevolgtrekking wat hy maak, is dat die Here hom nie meer liefhet nie, want 'n God van liefde sal mos nie so maak met sy kinders nie. En dan vat hy ook die pad. Vra jy hom later, sal hy vir jou vertel: Ek het geloof probeer, maar dit werk nie vir my nie.

Die derde ding wat met so 'n mens kan gebeur, is dat hy bly rondhang waar die evangelie verkondig word. Op die oog af sal 'n mens sê dat dit 'n godsdienstige mens is. Hy doen die fatsoenlike dinge soos om eredienste by te woon, Bybel te lees, te bid. Maar hy kan ook, so redeneer hy, soms op sy eie nogal goed oor die weg kom, want God die Vader en Jesus Christus is nou regtigwaar nie die enigste of selfs die hoogste prioriteit in sy lewe nie. Heng, sal hy vir jou sê, 'n mens moet darem ook die lewe geniet, want jy lewe net een maal. Buitendien moet 'n mens ook lewe, dus moet jy maar kyk waar jy 'n goeie slag kan slaan om 'n geldjie te maak. So 'n mens se geestelike lewenskakelaar is nie aangeskakel nie. Daarom is Jesus Christus en die verlossing wat Hy bewerk het nie vir hom die enigste rede waarom hy lewe nie. Dit is maar iets waaraan hy aandag gee tensy daar iets meer opwindend is wat die adrenalien deur die are pomp.

Hierdie ryk jongman wat by Jesus aangehardloop kom en voor Jesus se voete op sy knieë neerval (Mark 10:17) lyk my is een wat by hierdie derde groep mense pas. Hy het gehoor van Jesus en watter wonderlike prediker Jesus is. Afgesien van die wonders wat Jesus doen, is Hy ook iemand wat met gesag en wysheid preek. Die hele land is nou al in beroering oor die Jesus van Nasaret. Daarom wil hy ook baie graag by Jesus uitkom. Die vraag wat hy aan Jesus vra, is eie aan sy godsdienstige geaardheid. Dit is ook die soort vraag wat die Fariseërs sou gevra het. Ongelukkig is dit ook 'n vraag wat nog by baie Christene teenwoordig is:

Meester, watter goeie ding moet ek doen, dat ek die ewige lewe kan hê?

(Matteus 19:16 AFR53)

Hierdie jongman is selfversekerd. Hy is onder die indruk dat die ewige lewe iets is wat binne sy bereik is, as hy maar net kan weet watter goeie ding hy moet doen om dit te verkry. As Seun van God weet Jesus presies wat in hierdie jongman se lewe skort. Ons kry al 'n aanduiding daarvan in die eerste woorde wat Jesus aan hom sê. Maar omdat sy geestelike lewe se skakelaar nie aangeskakel is nie, begryp hy nie wat Jesus aan die begin vir hom sê nie.

Die jongman wil weet watter goeie ding daar is wat hy moet doen. Jesus wys hom daarop dat daar net Een is wat goed is, naamlik God. God is die bron van alle goeie dinge, maar hierdie jongman vermy God, want hy wil homself handhaaf met sy goeie werke. Die goeie ding wat die jongman dus vra, moet ook van God kom. Maar die jongman sien net die goeie werke raak wat hy moet doen omdat sy verhouding met God nie heel is nie. Sy verhouding met God is nie waar hy dink dit is nie. En Jesus gaan dit vir hom uitwys met sy volgende woorde.

Daarom praat Jesus so reg in sy kraal. Hy is mos darem 'n godsdienstige man. Daarom behoort hy mos die Skrif te ken, want in die Skrif openbaar God hoe 'n mens die ewige lewe verkry.

Dit is nie dat 'n mens deur gehoorsaamheid aan die gebooie die ewige lewe verdien nie. Gehoorsaamheid aan die gebooie is die lewenstyl van hulle wat geestelik lewendig gemaak is. Maar voordat die mens geestelik lewendig gemaak is, is die doel van die gebooie om 'n mens te bring by Hom wat die skakelaar van 'n mens se geestelike lewe kan aanskakel omdat jy deur die gebooie besef dat jy geestelik dood is.

Die jongman is van mening dat hy wel geestelik lewendig is, want hy ken mos die gebooië. 'n Mens kan jou voorstel dat hy een van daardie mense is wat die gebooië van die Here op die punte van sy vingers ken. En as hy vra watter gebooië, want miskien is daar gebooië waarvan hy nie weet nie, noem Jesus gebooië op die tweede tafel van die Wet.

Toe hy hoor van watter gebooië Jesus praat, sê hy sommer dadelik dat hy al daardie gebooië al van sy kinderdae af nakom (Luk 18:21). Dit is asof hy sê dat hy daardie gebooië nou al goed onder die knie het en niemand hom nog iets daarvan kan leer nie.

Die toets of 'n mens die gebooië van die Here onderhou, lê nie daarin dat 'n mens die gebooië op die punte van jou vingers ken nie. Selfs die duiwel kan uit die Bybel die woorde van God presies aanhaal en dit maak nie van hom 'n gehoorsame dienskneg van die Here nie. Die toets of 'n mens die gebooië van die Here onderhou, lê ook nie daarin dat 'n mens jou lewe inrig soos wat jy die gebooië van die Here verstaan nie. Dit is immers wat hierdie jongman gedoen het. Hy is 'n leier in die volk (Luk 18:18) en sou soos die ander Joodse leiers die onderhouding van die gebooië verstaan het.

Jesus gee aan hom die toets wat by hom pas sodat hy self kan sien of hy werklik vir God met sy hele hart liefhet en sy naaste soos homself. Onderhou hy werklik die gebooië van die Here soos wat hy beweer? Daarom sê Jesus dat hy alles wat hy het moet gaan verkoop, die geld vir die armes gee en Jesus dan kom volg. Indien hy God bo alles liefhet, sal hy afstand kan doen van al sy aardse besittings, want dan is sy vertrouwe mos regtig op die Here en nie op sy besittings nie. Indien hy sy naaste liefhet soos homself, sal hy die geld dan aan die armes gee, want dan sal hy mos nie net aan sy eie belange dink nie. Indien hy werklik die ewige lewe wil verkry, sal hy Jesus kom volg sodat hy Jesus en God regtig kan leer ken, want om Christus en God die Vader te ken, dit is die ewige lewe.

Toe die jongman dit hoor, het hy bedruk van Jesus af weggegaan, want hy het baie besittings gehad. Dan gaan Jesus voort met sy onderrig aan die dissipels en aan ons. Dit is moeilik vir 'n ryk mens om in die koninkryk van die hemel te kom. Let op hoe Jesus dit stel. Hy sê nie dat dit onmoontlik is dat 'n ryk mens tot bekering kan kom nie. Abraham was immers ryk en hy is in die koninkryk van God. Saggeus was self baie ryk en hy is ook gered. Dit is nie onmoontlik nie maar moeilik vir 'n ryk mens om in die koninkryk van God te kom.

Jesus gaan verder om te sê hoe moeilik dit is. Dit is makliker vir 'n kameel om deur die oog van 'n naald te gaan as wat dit vir 'n ryke is om in die koninkryk van die hemel in te gaan. Almal weet – en die dissipels het dit ook baie goed besef – dit is vir 'n kameel onmoontlik om deur die oog van 'n naald te gaan. Die kameel sal dit nie self kan regkry nie en nog minder sal 'n mens dit kan regkry.

Toe die dissipels dit hoor, was hulle ontsteld – nie omdat hulle ryk was nie, maar omdat hulle soos baie Jode gedink het rykdom is tog seën van die Here af. As die Here iemand dan met soveel aardse rykdom seën, beteken dit mos dat daardie mens in guns by die Here is. Maar nou het hulle self gesien dat hierdie ryk jongman nie gered is nie. En Jesus sê nog boonop dat dit moeilik is vir 'n ryk mens om in die koninkryk van God te kom – dat dit feitlik onmoontlik is.

Daarop maak die dissipels die regte afleiding waarby Jesus hulle ook wou bring. Wie kan dan gered word, vra hulle. Die antwoord hierop: Niemand kan gered word nie. Geen mens – nie 'n ryk of arm mens – kan van sy kant af self gered word nie. Dit is onmoontlik. Maar

by God is alle dinge moontlik. Dit is selfs moontlik vir God om 'n ryk mens tot bekering en geloof in Jesus Christus te bring sodat ook hy toegang tot die koninkryk van God kan verkry.

Daarom bely ons: Die bekering van enige mens **moet aan God toegeskryf word. Hy het hulle van ewigheid af in Christus as sy eiendom uitverkies. Hy roep hulle almal kragdadig in die tyd en skenk hulle geloof en bekering. Nadat hulle uit die mag van die duisternis verlos is, bring Hy hulle oor in die ryk van sy Seun, om die deugde van Hom, wat hulle uit die duisternis tot hierdie wonderbare lig geroep het, te verkondig en om nie in hulleself nie, maar in die Here te roem.**

Amen!

Slotgebed

Psalm 51:5, 6 (p. 261)

5 Verberg u oog, die vlammelig wat oor / my sonde brand en speur deur al my lede.
Was weg, delg uit my ongeregtighede, / herskep my hart wat wegdwing uit u spoor.
Gee my opnuut, o HEER, 'n vaste gees, / dat ek nie só weer van u baan mag gly nie!
Laat my voor U tog geen verstootling wees, /en neem u goeie Gees nie weg van my nie.

6 Gee my weer lewensvreug, die soete smaak / wat ek moet mis, in sondesmart verlore;
gee my gewilligheid, uit vreug gebore, / wat weer u diens vir my 'n vreugde maak.
Dan hoor ek nie die wrede aanklag meer: / "Kyk hoe het hy, die kind van God, gesondig!"
Ek wil oortreders dan u weë leer, / bekering aan die sondaars bly verkondig.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
27 Maart 2016